Preeknotas vir Vrydag 11 Julie 2008.
Tema : Die Gees transformeer: Hy oortuig

Joh 16: [7-11]*Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;* [8] *en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:* [9] *van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;* [10] *en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie;* [11] *en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*

Inleidend: Wekker wat ons altyd doodruk. Kan dit doen met die die Heilige Gees in ons lewe.

Heilige Gees oortuig (ἐλέγξει- elengksei) van sonde. **Wat is sonde?** Sonde beteken: om jou doel te mis; om in opstand te kom/rebelleer; om te dwaal of af te dwaal. Jes 53:6- ons het almal gedwaal soos skape. Sonde is 'n toestand van verlorenheid. Ps 51:7 Martin Luther – sonde is die ingebuigdheid van die mens op homself. Ons moet van ons verlorenheid oortuig word.

Wat beteken dit as die Gees van sonde oortuig? Griekse word is die woord ***elengchos*** (ἔλεγχος). Die betekenis van hierdie word in die Nuwe Testament kan beskryf word as die oortuiging/besef of die bewys/demonstrasie van skuld van sondeskuld. Kittel in The *Theological Dictionary of the New Testament* se definisie vir ***elengchō*** : **"**om mense hulle sonde uit wys en hulle op te roep tot bekering.**"** **Paris Reidhead** sien oortuigingswerk van die Gees as volg: "It is that state of the mind and heart when the individual takes sides with God against himself. … [It] is God's unique way of revealing to the awakened sinner all that lies deep within." **Teoloog J. Rodman Williams** stel dit so: "[Conviction] is an action of the Spirit that brings about a profound inner sense of guilt before God. It is a deep conviction of one's sinfulness and evil." Vgl Hand 2:[37] mens op Pinksterdag is diep getref… **2:**[37] *And hearing this, they were* ***stabbed in the heart****, and said to Peter and to the other apostles, Men, brothers, what shall we do? (MKJV)* Voorbeeld: Cameron se verhaal.

Hoe gaan die Heilige Gees te werk om hierdie oortuigingswerk tot stand te bring? Hy bring die waarheid na die oppervlak. Kyk bo by Joh. 16: [7-11] Kittel sê van ***paraklētos***, "In Joh. 16: [7] en verder – " the idea of a trial is clearly present." The concept is that of a "helper in court" or a legal advocate." Twee verse later praat Jesus van die Gees van die waarheid: Joh 16:[13] " *Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei*"**.** Wanner die Gees iemand oortuig dan openbaar Hy die toestand van die menslike hart. Bring dit (die waarheid van die hart se toestand) na die lig/oppervlak. Net God se Gees kan dit doen. **Billy Graham**: One of the most devastating effects of sin is that it has blinded us to our own sin… Only the Holy Spirit can open our eyes. Only He can convict us of the depth of our sin, and only He can convince us of the truth of the gospel. Voorbeeld van student met Billabong baadjie.

Wat gebruik die Heilige Gees om Sy oortuigingswerk te doen? Hy bring jou die waarheid aangaande jou lewe/sonde na die oppervlak. Hoe doen Hy dit? Heilge Gees gebruik ook prediking en mense wat bid maar veral deur **God se wet** (die 10 gebooie). **Rom 3:**[19] ... *Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God.* [20]*...inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is*. Nuwe beweging in Evangelisasie deur aan mense die wet voor te hou.. Die Gees bevestig/oortuig van sonde. Hy bring dit na die oppervlak deur die wet. Maar die Gees doen 'n tweede ding. Hy bevestig die waarheid dat jy alleen deur Jesus aan die eise van God kan voldoen.

Hy oortuig van geregtigheid. Die Gees oortuig dat die eise waarmee God na die mens kom in Jesus Christus bekend gemaak is. Hy oortuig van geloof in Jesus. Hand 2:[38]

Hy oortuig van oordeel Die Gees sal die wêreld ook oortuig dat Jesus deur sy opstanding oorwin het en dat Satan en die ongelowige wêreld saam met hom klaar geoordeel is. Ons staan nie meer aangekla nie.